# Die Christelike Lewens- en Wêreld-beskouing en die Toets van die 20e Eeu.*

Dat die Christelike lewens- en wêreldbeskouing met die 20e eeu (bedoel word die geestesstrominge van ons tyd) nie bloot deur 'n kopulatiewe „en" maar deur die woord „toets" met mekaar verbind word, dui op die heel besondere verhouding wat daar tussen beide bestaan. Ons bedoeling is dan ook nie om 'n indringende analise van die een of van die ander te gee nie, maar om die aandag te vestig op die fundamentele antitese tussen beide.

Die divergensie, d.w.s. die uiteenloping van en radikale teenstelling, tussen hierdie twee verskillende denkrigtinge is sinvol alleen te verklaar vanuit 'n divergensie in die mensheid self. **Daar is dus twee denkrigtinge omdat daar twee verskillende groepe mense is.** Dat hierdie divergensie in die subjekte nie slegs van relatiewe betekenis is nie, maar op 'n **prinsipiële andersheid** dui, is dááraan toe te skryf dat dit sy oorsprong vind nie binne die menslike sfeer nie, maar daarbuite. Deur Gods genade word die mens tot geloof gebring en op grond van die verligtende werking van die Gees van die Here, gaan hierdie mens dan ook uit die geloof lewe. En omdat die geloof as 'n onvoorwaardelike oorgawe aan God in Christus Jesus, die totaliteit van ons ganse bestaan, ten minste in beginsel, omvat, sal dit op ons ganse menslike bestaan en alle openbaringsvorme daarvan sy onmiskenbare stempel

---

* Dit vorm die kern van 'n breër uitgewerkte voordrag wat voor die studente van Stellenbosch gelewer is.

afdruk. Die met geloof begenadigde mens verskil, wat sy lewe en dus ook sy lewensbeskouing betref, prinsipieël van die nie-begenadigde. Die konklusie waartoe ons dus kom is dat die antitese van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing en die 20e eeu ten diepste **die antitese van geloof en ongeloof is.**

Hierdie antitese vertoon nooit 'n teoreties onaanskoulike karakter nie. Omdat dit gaan om die nuwe, in omvang en krag steeds groeiende lewensbeginsel in die hart van die mens, is die antitese steeds konkreet aanwysbaar. Maar dan só konkreet en só fundamenteel omvattend dat hierdie prinsipiële skeidslyn nie alleen dwarsdeur die wêreld loop nie, maar ook deur die Kerk, ja, dwarsdeur die persoon van elke Christen! Wel groei die antitese van geloof en ongeloof dus uit tot lokaliseerbare groepe, maar kom ten diepste op uit die antitese in die siel van die indiwidueel gelowige. In die mate waarin hy gaan lewe uit 'n egte geloof, in dáárdie mate sal hy ook kan kom tot 'n Christelike siening van die lewe. Is dit egter nie die nuwe deur God ingeplante lewensbeginsel wat triomfeer nie, maar die ou natuur, dan kan die lewe ook nie gesien word in die lig van Gods Woord nie. Die botsende magte van geloof en ongeloof daarbuite, woed ook in die lewe van die gelowige. Hy is defensief ingestel nie alleen m.b.t. die bedreiginge wat van buite af kom nie, maar ook teen die wat opkom vanuit die duistere diepte van sy eie binneste. Hy is ook offensief omdat daar buite hom nog soveel is wat verower en onderwerp moet word en soveel wat ook in sy eie opstandige self beheer en gelei moet word.

Hierdie defensief-offensiewe houding is 'n aanduidinng van die aard van die toets waarom dit hier gaan, en 'n bewys van die intensiteit en dodelike erns van die antitese. Enersyds gaan die toets uit van die 20e eeu en is gemik op die vernietiging en uitwissing van die moontlikheid van 'n Christelike lewensbeskouing. Andersyds word ook van die kant van die Christelike oortuiging 'n toets aangelê wat bedoel is om die egtheid en die waarheidsgehalte van die gees van die 20e eeu te openbaar. **Van albei kante gaan daar dus 'n toetsing uit en albei word getoets.**

Om nou aan te toon waarin die toets bestaan wil ons antwoord probeer gee op die vraag: **hoe** dink die mens van die 20e eeu? Die voordeel van so'n formele denkskema is nie alleen dat dit 'n oorsigtelikheidsbeeld bevorder nie, maar dit bied ook 'n maatstaf aan die hand waarvan elke ander stroming of denkkonstruksie beoordeel kan word.

Hoe dink die mens van die 20e eeu? Goed gesien is daar drei moontlikhede:

1. Hy dink horisontaal, maar dan met uitsluiting van enige ander denkrigting, op grond waarvan dit as 'n horisontalisme bestempel kan word;
2. of hy dink vertikaal, en weereens só dat dit as 'n vertikalisme aangedui kan word;
3. of hy dink vertikaal en horisontaal—en dít wil ons as die Christelike lewens- en wêreldbeskouing of Teïsme aandui.

1. **Horisontalisme.**

a. Die horisontalisties ingestelde denke ontken die bestaan of ten minste die aktuele betekenis van 'n bo-kosmiese werklikheid. Geplaas in en te midde van hierdie aardse werklikheid word alle verbande en relasies met 'n wêreld of 'n beginsel wat bó hierdie werklikheid uitgaan, radikaal deurgesny. Hierdie wêreld mag nie vanuit 'n ander bron as behalwe uit homself verklaar word nie. Die feite moet uit die feite, die gebeurtenisse uit die gebeurtenisse verklaar word, sonder om te gryp na 'n dieper of hoër, metafisiese agtergrond ágter die verskynsele. Daar word nie geluister na 'n stem van buite hierdie wêreld nie—want, óf iets dergeliks bestaan nie, óf as dit wel bestaan, het dit geen wesenlike bydrae tot die verklaring van ons werklikheid nie. Daar word na niks anders gekyk as maar net na wat voorhande is nie. Hierdie horisontalistiese luister- en blikrigting vertoon dus geen openheid na watter rigting ook al, en is onverbiddelik geslote vir alles behalwe die werklikheid om ons.

Horisontalisme beteken ten diepste dat in die verklaring van die kosmiese werklikheid met God geen rekening gehou word nie. Hierdie wêreld met alles wat daarin is word nie in verband met God gesien en vanuit Hom verklaar nie. Die wêreld van die bonatuurlike bestaan nie en vir 'n persoonlike God is daar geen plek nie. Indien die godsidee wel aanvaar en gebruik word, is dit 'n louter onpersoonlike mag in die heelal en geloof niks anders as selfvertroue en vertroue in die algenoegsaamheid van die feite nie, en is die Bybel nie Gods openbaring nie, maar die skriftelike neerslag van die religieuse ervaringe van die sterk godsdienstig aangelegde mens.

b. 'n Totaliteitsblik op die werklikheid kan dus nie anders verkry word nie, as deur die groot aantal verskynsele tot één enkele beginsel te herlei en alles van dááruit te verklaar. Dit is dan ook die tipiese

kenmerk van ons eeu dat alles prinsipieël gelykgeskakel word en vanuit één „item" van die verskeidenheid . . . verklaar word. Die verskeidenheid word dan nie as **verskeidenheid** in 'n eenheid saamgevat nie, maar tot 'n verskeidenheidslose monotone eenheid gedevalueer. Die twintigste-eeuse horisontalistiese denke is van huis uit **monisties.** Hiermee word dan aangedui elke wêreldbeskouing wat die verskeidenheid in die wêreld tot één oorspronklike verklaringsbeginsel herlei. Die materialisme wil alles vanuit die **materie** verklaar, die rasionalisme vanuit die **rede,** die ewolusionisme uit die **grensoorskryende ontwikkeling,** die pragmatisme uit die **nuttigheidsbeginsel,** die behaviorisme uit die **gekondisioneerde menslike gedraginge,** ens. In watter vorm die monisme dan ook al mag optree die fundamentele gedagte is hier dat die **veelheid** van vorme tot 'n **eenheid** teruggevoer word.

c. Die direkte gevolg van hierdie monistiese denke is die gees van **demonisering.** Omdat alles tot die enkele verklaringsbeginsel herlei word, word dié beskou en behandel as absoluut en algenoegsaam. Dit tiranniseer nie alleen die wetenskapsbeoefening nie, maar ook die lewensbeskouing. Dit word tot god verhef. Inderdaad was daar in die menslike geskiedenis dan ook nog nooit 'n eeu met soveel gode, as juis óns eeu nie. Ons eeu is hyk aan gode—deur ons self gemaak, en daarom ook gode wat deur ons sal val, en ons saam met hulle. Die horisontalistiese denke wat prinsipieël monisties ingestel is, mond dus onvermydelik uit in 'n teoretiese politeïsme.

d. Waar 'n god is dáár is iemand of iets wat heers en iemand wat beheers word. Hierdie heerskappy van die afgode word nou allerweë as 'n noodlotsbeskikking aangevoel. Tiperend van die geestelike sfeer van die 20e eeu is dan ook 'n herlewing van die noodlotsgedagte. Die kultuuroptimisme met sy blye lewensgevoel van die vorige eeu het die idee by die mens laat posvat dat hy sy lot in eie hande het en dat hy in geestelike vryheid soewerein oor homself kan beskik. Maar mede as gevolg van die laaste twee wêreldoorloë en die spanninge wat daarop gevolg het, het hierin 'n merkwaardige kentering gekom. Die gevoel van selfbeskikking het plek gemaak vir die van absolute gebondenheid en die oorwegend indeterministiese denke het sedertdien in 'n gees van uitgesproke determinisme omgeslaan. In gemoderniseerde vorm en gestalte het die antiek-Griekse noodlotsidee weer herlewe . Die noodlot word dan beskou as **die** mag wat nie alleen die lewe van die indiwiduele mens nie, maar ook die ganse geskiedenis en m.n. die kultuur be-

heers. Die eksklusiewe instelling op die empiriese feite wys onverbiddellik in die rigting van 'n blinde noodlot waaraan alles weerloos oorgelewer is. As produk van die natuur en resultaat van die kragte wat hom laat ontstaan het, mis die mens lewensvryheid. As iemand dan moreel ten gronde gaan, is hy nie daaraan skuldig nie, want deur sy erflike aanleg en allerlei ongunstige lewensomstandighede is hy gepredisponeer om onder te gaan. Die deur die noodlot getiranniseerde lewenshouding kan die beste gekarakteriseer word as 'n tragiese heldedom. Die mens **moet** sondig en **moet** ondergaan, nie deur nie, maar ten spyte van homself. Sy ondergang is 'n heroïse ondergang. Iets hiervan word vandag weer opgemerk. In refleksiewe vorm veral in die moderne eksistensiefilosofie en in 'n pre-refleksiewe lewensgevoel by die mens wat geplaas is voor, of liewer in, die demoniserende magte van die 20 eeu.

e. Deur sy ontkenning van die menslike vryheid, laat die determinisme ook geen ruimte toe vir **verantwoordelikheid** en gevolglik ook nie vir **skuld** nie. In die begrip „verantwoordelikheid" lê die woord „antwoord" opgesluit en dié veronderstel 'n voorafgaande vraag. Hierdie vraag eis 'n redelike verklaring vir 'n deur my veroorsaakte situasie of 'n deur my voltrokke handeling. Dit veronderstel dus dat ek in vryheid kan kies en handel en van my gronde vir 'n bepaalde keuse of handeling rekenskap wil en kan gee. Aanvaar ek nou die reg van die vraag en die **noodwendigheid** van só 'n gefundeerde antwoord, dan is ek besig met 'n verantwoordelike verantwoording en dít is my verantwoordelikheid.

Maar as daar ten gevolge van die deterministiese opvatting geen vryheid en dus ook geen selfbepaling meer moontlik is nie, hoe kan ek my verantwoord en hoe kan ek verantwoordelik wees? As speelbal van die noodlot kan ek nie meer verantwoordelikheid aanvaar vir wat ek is en vir wat ek doen nie. Ek het dus ook skuld nóg aan my toestand nóg aan die waarin die wêreld verkeer nie. As daar iets is wat aan die mens van die 20e eeu ontbreek, dan is dit 'n duidelike verantwoordelikheidsbesef en 'n diep-ingrypende skuldbewussyn. Want as die bestaan van God agnosties geïgnoreer of selfs uitdruklik ontken word, teenoor wie moet hy hom dan verantwoord en m.b. waartoe moet hy verantwoordelikheid aanvaar? Wie vra hom en aan wie en waaroor moet hy antwoord?

f. As daar volgens die horisontalisme ten slotte geen enkele konstante norm bó die lewe is nie, kan daar dan ook geen ander toekomsverwagting wees nie, as behalwe die van 'n maksimum-ontwikkeling van inherent latente kragte. Hierdie ontwikkeling kan gevolglik nie in diens staan van 'n hoëre en buite die lewe aanwesige doel nie. Trouens, die enigste doel wat deur die ontwikkeling gedien word is die bevordering van die ontwikkeling. Geen finale eindpunt en hoogste strewe kom hier dus in sig nie. In die mate waarin die ontwikkeling aan die verwagtinge voldoen of teleurstel sal die stemminge dan ook heen en weer geslinger word tussen optimisme en pessimisme. In hierdie immanente teleologie gaan dit derhalwe nie om die heerlikheid van 'n nuwe herskape aarde nie, maar om die heerlikheid van 'n kreatuurverafgoding—wat in wese geen heerlikheid is nie, maar slegs die skyn daarvan vertoon.

Diametraal teenoor die horisontalisme wat die bestaan van 'n bokosmiese werklikheid ontken of sy betekenis nivelleer, staan die vertikalisme wat hierdie bokosmiese wêreld as die eintlike en die wesenlike beskou. Dit is dan die tweede struktuur van denke waarop ons kortliks die aandag wil vestig.

## 2. Vertikalisme.

Hier word geluister nie na die stem van die wêreld met sy feite en gebeurtenisse nie, maar uitsluitlik na die stem wat kom van buite hierdie wêreld. Nie hierdie aardse wêreld nie maar die hemelse is die betekenisvolle en dus ook sinvolle wêreld. Daarom is die blikrigting na bo, met uitsluiting van alles wat nie bo is nie. Hier word gedink in die skema van die Platoniese twee-wêrelde-sisteem: die materiële en die ideëwêreld. Dit is die ideëwêreld wat die lig is, en die materiële die skaduwee; e.g. die oer-vorm, lg. die afskynsel; e.g. die archetipe, lg. die ectipe; die Goddelik noodwendige en die louter toevallige. Die vertikalisme handhaaf prinsipieel 'n dualisme, met die gevolg dat die verhouding tussen hierdie twee wêrelde nooit nader bepaal kan word as behalwe die van 'n polêre teenstelling tot mekaar nie. Die transendente wêreld het wesenlik geen verband met hierdie kosmiese wêreld nie.

Vir 'n wêreldbeskouing vloei uit hierdie grondbeginsel twee moontlikhede: aangesien die aandag meer gekonsentreer is op die redding en saligheid van die indiwiduele mens, word alles tot die religieuse herlei, sodat die ganse lewe met sy openbaringsvorme onder 'n newel van

religiositeit te staan kom. Eerder as om dus te kom tot 'n totaliteitsvisie, word daar in 'n subjektiwistiese heilsindiwidualisme bly steek, óf die religieuse word as behorende tot die transendente wêreld gereken, met die gevolg dat die kosmiese werklikheid—wat met e.g. wesenlik in geen verband staan nie—in horisontalistiese sin vanuit homself verklaar word. Konkreet toegepas beteken dit dat die geloof in God nie vrugbaar aangewend word in die verklaring van hierdie wêreld nie. Dan is die mens met sy hart wel gelowig, maar met sy verstand, as setel van sy diskursiewe denke, 'n heiden. Dan word Gods heerskappy wel in die religieuse lewe aanvaar, maar nie in die nie-religieuse lewe nie—dáárdie lewensterreine moet vanuit hulleself verklaar word. Daar is gevolglik wel 'n terrein waar God soewerein is, maar ook 'n terrein waar die mens soewerein is, of waar hy aan wette onderworpe is, wat met Gods wette eintlik niks te doen het nie. Een van die mees karakteristieke gedagtes van die 20e is dan ook dié van die sg. „Eigengesetzlichkeit", d.w.s. die oortuiging dat alle lewensterreine van wetenskap, kuns, reg, ekonomie, ens. aan hul eie, immanente wette onderworpe is. Dat ons hier met 'n sintese van die God van die Skrifte met 'n teoretiese vergoding of selfgenoegsaamstelling van die kosmos te doen het, is duidelik.

3. **Teïsme.**

Met Teïsme, of Calvinisme, bedoel ons dáárdie denke wat beide vertikaal en horisontaal ingestel is. Wat dus erken dat daar 'n bokosmiese werklikheid bestaan en dat die kosmiese werklikheid alleen van dááruit verstaan kan word. Dit is die denke waarin die wêreld in sy verhouding tot God verklaar word, wat God en wêreld dus onderskei, maar nie dualisties teenoor mekaar gestel of monisties tot mekaar herlei nie.

a. Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing verenig die diepste vertikale en die breedste horisontale blik met mekaar. Met die diepste vertikale blik bedoel ons dat die Calvinisme, soos geen ander rigting in die Christendom nie, die grootste erns maak met die belydenis van Gods volstrekte soewereiniteit. Maar dan moet duidelik verstaan word dat dit hier nie gaan om 'n spekulatiewe idee van die soewereiniteit nie. Dit is nie in monistiese sin die verklaringsbeginsel waartoe die ganse verskeidenheid herlei en van waaruit dit verstaan moet word nie. Hier word eintlik die teenoorgestelde aksie of beweging voltrek: die grondidee,

nl. Gods soewereiniteit word herlei na, of uitgestrek oor die ganse totaliteit. Nie asof dit eers deur óns aktiwiteit tot stand gebring word nie, nee, dit is reeds daar, ons **erken**, dit slegs, maar ken dit nie toe nie. Dit is God, uit Wie, deur Wie en tot Wie alle dinge is (Rom. 11: 36), wat as die volstrekte Onafhanklike deur niks buite Hom bepaal word nie, maar van Wie alles, en nogeens alles afhanklik is en bepaal word (vgl. Jes. 44: 6; 45: 5, 7). Hy staan in die middelpunt en om Hom beweeg alles. Dit gaan dus dáárom dat alles weer in die regte verhouding tot God gestel sal word. Gods soewereiniteit beteken dat Hy **oop** is vir die wêreld, dat Hy 'n **oog** en 'n **oor** het vir die wêreld. Hy het simpatie met en stel belang in die wêreld. Sy belang is nie van verbygaande aard, soos dié van mense in mekaar en soms in God nie, maar 'n belang wat die bestaan van die wêreld raak. Daarom dikteer Hy nog elke dag dié wette wat vir die bestaan en voortbestaan van die wêreld onontbeerlik is. Van die kant van die werklikheid beteken Gods soewereiniteit dat ook dié oop is na en vir God . Die wêreld **laat** hom fundeer, **laat** hom sy wette voorskryf, **laat** hom die belangstelling welgeval. Nog sterker uitgedruk: dit vertoon 'n innerlike behoefte aan die relasie met God. As die mens dus die God van die Skrifte ontmoet, kan hy nie blind wees vir die wêreld nie. Hy leer die mens dat hierdie wêreld sy wêreld is. Wie die skepping leer ken—ken in die lig van die Skrif —moet ook by God uitkom.

Hierdie sentrale plek wat aan Gods heerskappy toegeken word, is die seldsame diepte van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing teenoor die oppervlakkigheid van die horisontalisme en die vertikalisme.

Dit is egter opmerklik dat hierdie diepte van vertikale blik die breedte van 'n horisontale blik nie uit nie maar wel insluit. Egte teïsme het 'n universele karakter wat saamhang met die feit dat die heerskappy van God aan niks onttrek word nie. As God alles geskape het, dan kom alles van Hom, dan vertoon alles 'n openheid na God—dan wys alles na Hom. Nie slegs die mens se siel of liggaam is aan God onderworpe nie, maar die ganse kosmos, die organiese lewe van plant en dier, die wêreld van die ruimte en die beweging, maar ook die wêreld van getalle in die wiskunde. Dit is die teosentriese verankering van die werklikheid—'n fundering wat nie vaag en abstrak bly nie, maar wat in Christus Jesus konkreet geïllstreer word. Hy aanvaar die menslike vlees as sy bestaansvorm, en die vlees laat hom gebruik, d.w.s. laat hom

die aanvaarding welgeval. Dít is die Christologiese kennis-teoretiese beginsel vir die soewereiniteit van God.

b. As die wêreld dan sy eenheid in God vind, is daar geen behoefte om die verskeidenheid tot 'n binne-kosmiese eenheidsbeginsel te herlei nie. Dan kan die verskeidenheid as verskeidenheid gehandhaaf word, trouens dan word dit gesien as 'n deur God gewilde en gehandhaafde verskeidenheid. Dit beteken dat alles nie as materie, as idee, as rede ens. gesien hoef te word nie. Dan is God nie in en daarom deel van die wêreld nie, maar die God wat bó die wêreld en ook Skepper van die wêreld is.

c. As God self agter die skepping staan, dan moet teenoor die moderne noodlotsgedagte die Christelike voorsienigheidsgeloof gestel word. Dat daar tussen beide 'n ooreenstemming van formele aard bestaan, moet toegegee word: In albei gevalle word erken dat bó die handeling van die mens 'n hoër mag is waarvan alles afhanklik is. Nie vryheid nie, maar gebondenheid is hier die laaste woord. Ons bepaal nie self ons bestemming nie, maar dit is bepaal deur iets of Iemand buite ons. Maar dan moet ook gelet word op die fundamentele verskil: Die kenmerkende van die noodlot is dat dit geen persoonlike maar onpersoonlike mag is en as sodanig blind en redeloos is. Volgens die voorsienigheidsgeloof daarenteen, rus alles in die hande van God—'n God wat nie blind is nie, maar kan sien. Nie 'n blote mag is nie, maar ook alle mag beskik. Hy weet wat Hy wil en wat Hy wil, doen Hy. En nou is die merkwaardige—en tegelyk die onderskeidende—dáárin geleë dat God ons in verband met wat Hy wil en wat Hy doen, nie in onkunde gelaat het nie. Ofskoon ons nie alles weet en hier op aarde ook nooit alles sal weet nie, het Hy ons soveel meegedeel dat ons tog weet waarheen Hy wil met ons en met die wêreld. Ons weet, op grond van Gods openbaring in Jesus Christus, dat God sy skepping weer tot sy skepping wil maak en wat alleen sy eer sal verkondig. Dit alles beteken beslis nie dat die voorsienigheid uit die feite afgelees mag word en allermins dat dit met óns voorspoed en óns sukses geïdentifiseer mag word nie. Voorsienigheid is iets totaal anders as die religieuse wyding van die histories gewordene. Dit is die gelowige sien van die feite, die ontdekking van die rigting waarin God die wêreld, geskiedenis en mensdom lei. Wat die boodskap van die feite dan ook al mag wees, in watter teenspoed of voorspoed ons ook al mag deel, agter dit alles staan die God van liefde. Alles wat is, is uit God, en wat uit God is,

is ook tot God. En omgekeerd: wat uit God is, dáárheen is God. Alles uit God tot God; God tot alles wat uit Hom is—dít is die rigting van die voorsienigheid. Wat tot God is, is goed, en wat nie tot Hom is nie, is nie goed nie—en dít is óns skuld.

Teenoor die tragiese heldedom met sy fatalistiese berusting stel die Christelike lewens- en wêreldbeskouing die geloofsmoed met sy onwrikbare sekerheid dat ons met ons ganse lewe in Gods wêreldplan opgeneem is. Waar Descartes se uitgangspunt was: cogito ergo sum, daar sal die gelowige moet uitgaan van die waarheid: cogitor ergo sum. Nie my eie subjektiewe denke is die grondslag van my bestaan nie, maar die feit dat ek gedink word—deur die almagtige God in sy denke opgeneem is—dáárom bestaan ek. Hy het my en my lewensomstandighede vooruitgedink, in sy hand rus my „lot".

Egte en ware geloofsmoed maak van die werklikheid rondom ons geen illusies nie. Dit laat ons nie droom van 'n hemel op aarde waarin slegs die gelowiges deel het nie. Die Christelike lewens- en wêreldbeskouing is 'n vyand van alle religieuse romantiek. Immers, dit is juis die geloof wat die mens laat besef dat hy in 'n besete wêreld woon, maar hierdie kennis laat hom nie wanhoop nie . . . Want die geloof sien alles in 'n ewigheidsperspektief en leef uit 'n oorwinningsbewussyn. Nie die skaduwee van die kruis is die laaste wat oor die aarde geval het nie, maar die skaduwee van die opgestane oor-die-kruisdood-triomferende Jesus Christus. Hierdie geloofsmoed maak van ons geen tragiese helde wat eerbied en verwondering van ons omgewing afdwing nie. Nee, dit maak van ons mense wat onder die moeilikste omstandighede, ja, in die aangesig van die dood, nog uitsig het na bo, en onwrikbaar seker weet dat in ons lewe, dwarsdeur alle tragiek heen, God en Hy alleen triomfeer.

d. Omdat die mens, volgens die Christelike lewens- en wêreldbeskouing, 'n roeping en taak van God ontvang het en die nakoming en uitvoering daarvan alleen deur hóm kan geskied, is hy in die hoogste mate 'n verantwoordelike wese. Terwyl die eventuele mislukking daarvan nie op rekening van omstandighede buite sy beheer of magte bó hom geplaas kan word nie, maar uitsluitlik sy skuld is. Omdat dit God is wat roep en in sy roeping die mens voor 'n taak stel, is die mens allereers en ten diepste aan Hom verantwoording verskuldig. En so algemeen as wat die woord taak is, só algemeen en omvattend is ook die mens se verantwoordelikheid. M.b.t. elke moontlike gebied waar die

mens handelend optree, is hy aan God rekenskap van sy arbeid verskuldig.

e. As die skepping dan nie alleen uit God is nie, maar ook **tot** God, dan is dit duidelik dat ons inderdaad van 'n sinvolle toekomsverwagting mag spreek. Dan is die enigste nie die van 'n selfverheerlikende ontwikkeling, soos die horisontalisme wil nie, maar 'n ontwikkeling in 'n baie definitiewe rigting en ten dienste van 'n doel, buite en ver verhewe bó die ontwikkeling self. Dan gaan dit nie om 'n min of meer sikliese ontwikkeling nie, maar 'n liniêre wat beweeg in die rigting na God, en sy eer en verheerliking as hoogste doel het. Dit is die toekomsverwagting dat niks, maar dan ook absoluut niks meer Gods reg op sy skepping sal ontken en sy eer sal skaad nie. Dat God alles in almal sal wees, dáárna sien die herbore mens reikhalsend uit.

Dít is die denkstruktuur van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing.

Hierdie struktuur van denke kan met groot vrug toegepas word bv. op die twintigste-eeuse lewensbeskouing, mensbeskouing, wetenskapsbeskouing, rassebeskouing, moraalbeskouing, kultuurbeskouing, ens. Dit gee nie alleen 'n oorsig oor en 'n insig in die behandelde stof nie, maar laat ook iets sien van die radikale antitese tussen die Christelike en met name Calvinistiese en die nie-Christelike instelling teenoor die lewe en wêreld.

## TWINTIGSTE-EEUSE LEWENSBESKOUING.

Soos geen ander onderwerp nie staan die tema van die lewe in die brandpunt van die twintigste-eeuse denke. Waarskynlik nie alleen omdat die lewe so ontsettend naby die mens staan nie, maar ook omdat die eerste tekens van verval of herstel van die kultuur juis in die lewensbeskouing tot uiting kom.

Hoe dink die twintigste-eeuse mens oor die lewe, na aanleiding van ons vroeër opgestelde denkskema?

### 1. Horisontalistiese lewensbeskouing.

Word die vroeër neergelegde grondbeginsels hier toegepas, dan beteken dit dat die lewe nie vanuit 'n bron as behalwe vanuit homself, verklaar word nie. Die lewe word begrens en wel na twee sye: na bo, en na die kant. Die lewe word na bo begrens omdat dit nie met 'n vermeende bokosmiese werklikheid in verband staan nie. Trouens, 'n noukeurige analise van die lewe toon dat die lewe geen behoefte het

aan 'n transkosmiese verklaringsprinsipe nie. Om die lewe te verstaan is nie nodig om na bo te kyk, of te luister na 'n stem van bó nie. Die lewe is sy eie verklaring omdat dit selfgenoegsaam is. En juis daarom word die lewe ook na die kant begrens, want selfs die res van die kosmiese verskynsels kan eintlik geen bydrae lewer vir die verstaan van die lewensverskynsel nie. As geïsoleerde verskynsel moet, en kan, die lewe besien word.

Dit spreek vanself dat 'n groot variasie van beskouinge op hierdie grondbeginsels gebou kan word. Ons noem slegs enkeles: Wanneer die bekende Albert Schweitzer saam met baie ander kultuur-filosowe die erns van die kultuurnood in ons tyd signaleer, dan weier hy om te glo aan die onvermydelike ondergang daarvan. Redding van die kultuur is moontlik, maar dan alleen deur **bekering**. Hierdie woord mag ons egter nie laat vermoed dat Schweitzer hiermee 'n hartgrondige metanoia—'n verandering van sin—bedoel nie. Nee, vir hom is dit niks anders as 'n nuwe **houding** teenoor die lewe nie. En dáárin bestaan die nuutheid van hierdie houding, dat die lewe nie afgewys sal word nie, maar **aanvaar** sal word. BEKERING IS LEWENSAANVAARDING. Hierdie oproep, meen Schweitzer, kan hy tot die mens rig, omdat die lewe inherent sinvol is. As dit maar ontdek, ingesien en aanvaar word. Sy beskouing vat hy self kernagtig saam in die woorde: Ich bin Leben dass leben will, inmitten von Leben dass leben will. Hierdie lewenswil wek by die mens eerbied vir die lewe, nie omdat dit in diens staan van 'n hoëre en aan die lewe transendente doelstelling nie, maar omdat dit die bevordering, ontplooiing en verdieping van die lewe ten doel het. Die uiteindelike en diepste doel van die lewe is dus die groter volmaaktheid van die lewe.

Direk teenoor Schweitzer staan die ewe bekende Franse filosoof Jean-Paul Sartre. Waar die lewe volgens Schweitzer, as't ware gelaai is met positiewe sin—op grond waarvan hy profeties kan oproep tot 'n aanvaarding van die lewe—daar besit die lewe vir Sartre nie inherente sin nie. Daardie sin en betekenis moet aan die lewe **toegeken** word—op grond waarvan hy die mens oproep tot 'n **skepping** van die lewe. Die lewe moet sinvol gemaak word. In terme van sy filosofie uitgedruk: **die eksistensie gaan aan die essensie vooraf.** Die mens is nie klaar gemaak nie. Hy is 'n self-realiserende wese. Hy moet homself ontwikkel. Hy moet homself gedurig skep. Sartre verwerp God, maar pas die funksie eie aan God op die mens toe en maak só die mens grond van sy eie

sinvolheid. Vryheid tot hierdie selfskepping besit die mens wel, maar slaag nie altyd daarin nie, op grond waarvan Sartre die mens dan ook die mislukte god noem. Die lewensbesef wat hieruit voortvloei is die van die **walging**. Geen wonder dat hy sy filosofiese hoofwerk (of ten minste een daarvan) La Nausee noem. Hierdie walging en die angs (as die primêre lewensbesef vir die Duitse eksistensialis Heidegger) distansieer my van die lewe. Die lewe word iets vreemd vir my, en ek word vreemd vir die lewe. Dat die lewe vir my nie alleen vreemd is nie, maar selfs vyandig teenoor my staan, het as gevolg dat ek my nêrens meer in die lewe of enige lewensterrein tuis voel nie. Heidegger druk dit uit met die woord: unheimlichkeitsgefühl. En geen wonder dat ek hierdie „tuisloosheidsgevoel" ondervind nie, want ek is teen wil en dank in hierdie lewe ingewerp sonder dat ek ooit daarom gevra of daaroor geraadpleeg is. Die enigste wat die mens nou te doen staan is om hierdie noodlotsmatige geworpenheid te aanvaar, sodat hy, as hy dan moet ondergaan, dit ten minste soos 'n held kan doen.

As alle objektiewe bindinge en sekerhede my ontneem word, dan is dit alleen maar vanselfsprekend dat ek op myself teruggewerp word en opnuut met myself besig sal wees. Vir Sartre beteken dit 'n nuwe instelling m.b.t. die feit van my liggaamlikheid. Dit is dan ook die groot ontdekking van die Sartriaanse mens: dat hy nie net 'n liggaam **het** nie, maar liggaam **is**.

Dit spreek vanself dat as hierdie gedagtes gepopulariseer gaan word—soos dit inderdaad deur Sartre gedoen word deur sy dramas en m.n. eenakters—dit nie meer tot 'n filosofiese lewensbeskouing beperk gaan bly nie, maar gaan omsit in 'n **lewenshouding**. Dan is dit nie meer die rede nie, maar die gevoel wat op die voorgrond gaan tree, en die mens nie meer 'n rede-wese nie, maar by uitstek 'n drifte-wese, wat hom teuelloos laat lei deur sy drifte. Dan word hy besete met 'n ontembare lewensdrif en lewensgulsigheid waarin die dominerende niks anders is en ook nilks anders kan wees nie as die **erotiek**. Die lewe word heilig verklaar en die liggaam ontvang sakrale wyding.

Is dit te veel gesê as ons beweer dat daar 'n geslag opgroei vir wie daar slegs één werklikheid is, nl. die lewe, die drif, die instink, die erotiese gloed. Die lewe is geslote, daar is geen uitsig na bo nie, alles wys na onder, na die swart siedende afgrond van instinkte, na die wilde wrede oer-kragte van die lewe wat lewensvrede omskep in angsjagende paniek en lewensgenot verwring in lewenswellus. In hierdie

wêreld van lewenshonger en gulsige erotiek is 'n erediens van die lewe besig om te ontwikkel op die wortel van selfvernietigende hartstogte. In Duitsland, ja die ganse Europa, en Amerika (en tekens is daar dat dit ook in S.A. begin) het die breë stroom van die hartstogtelike liefde tot die heiligheid en heerlikheid van die lewe, 'n dreunende waterval van siedende lewensdrif geword—soms alleen maar as ongereflekteerde praktyk, dan weer begelei en gefundeer deur teoretiese besinning.

As die toeris op die dak van die bekende Notre Dame in Parys staan, sien hy in die verte die pragtige marmerwit Sacré Coeur op die heuwel van die Mont Martre. Maar as hy hom daarheen wend ontdek hy tot sy onsteltenis aan die voet van die Mont Martre die een nagklub ná die ander waar 'n heidense kultus rondom die naakte liggaam bloei. Dit is hier waar die lewensgulsigheid 'n lewensgevaarlike monster geword het, want soos parasiete teer die een op die ander. Dit is hier waar die mens tot 'n suiwer liggaamlikheid herlei word, en geen ander waarde tel en leiding gee as behalwe dié van die seksdrif. Geen wonder dat hier soveel geestelike maar ook liggaamlike wrakke hulle einde vind nie. Hier loop die horisontalistiese lewensbeskouing onverbiddelik dood, nee hier eindig die lewe self. Dié lewe waarin daar geen uitsig en geen openheid na bo is. Hoër as die voet van die Mont Martre word nooit gevorder nie!

2. **Vertikalistiese lewensbeskouing.**

Hier is daar wel openheid na bo, maar dan só dat die aardse lewe nie van dááruit besien word nie. Die dualisme waarvolgens alle aksent en waarde op die hemelse geplaas word as die wesenlike, lei tot die houding van lewensontvlugting. In die lewe is die kiem van die dood aanwesig, en enige aanraking met die lewe sal tot besmetting lei. Die rug moet op die lewe gekeer word, want nie dáárin nie, maar in 'n ontvlugting van die lewe, is die lewe geleë. Die stoflik liggaamlike is die minderwaardige, en kan nie gereken word deur iemand vir wie die geestelike waardes nog iets beken nie. Hierdie standpunt word nie alleen deur die Rooms-Katolieke in hulle ideaal van die kloosterlewe en die selibaat prakties gedemonstreer nie, maar word, in gewysigde vorm natuurlik, ook sterk by Luther en sy aanhangers aangetref. Ook in ander kringe egter, word 'n gees van quietistiese wêreldvermyding geopenbaar in die slagkreet van: raak nie, smaak nie en roer nie aan nie. Die bose beginsel setel in die stoflike, en dié moet vermy word. En in

die mate waarin die lewensontvlugting prakties slaag, in dáárdie mate word daar ook in heiligheid toegeneem. 'n Volslae perfeksionisme kom hier as einddoel in sig, en dien dan ook as die stimulans in die stryd teen die lewe.

Waar die lewe gesien word as gekonsentreer in die liggaam, dáár is die liggaam die minderwaardige, en die kerker van die siel. Geen wonder dat iemand soos die heilige Franciscus van Assissi van sy liggaam gepraat het as: broeder esel. Selfverminking en geseling volg en die standpunt eindig in die mistiek waarvan die Oosterse vorm die mees tiperende is: deur langdurige meditasie en bepeinsing kom die mens tot die ekstatiese ontdekking: tat twam asi—u is ek en ek is u. Die identifisering met die godheid het tot die volledige afswering van die lewe gelei, dáárin is die ideaal vir die mens dan ook geleë, want die geboorte, d.w.s. die aardse lewe, was van die begin af geen seën nie, maar ten diepste gevolg van sonde.

3. **Teïstiese lewensbeskouing.**

a. Die Christelike lewensbeskouing wil ons konkreet illustreer aan die hand van die beeld wat vroeër gebruik is: Op die kruin van die Mont Martre—aan die voet waarvan die erotiese lewensgulsigheid besig is om die lewe te verslind—staan daar 'n Kerk. En om dit te sien moet mens **opkyk**. Nou gaan dit vir ons om die simboliese waarde van daardie Kerk. Dit staan daar as teken van 'n ander bokosmiese wêreld. Dit verteenwoordig ander en hoër lewenswaardes. Die Kerk staan daar as die liggaam van Christus, dit wys heen na Christus self. En om Hom te kan sien moet daar **opgekyk** word. Dít is die eerste fundamentele beginsel: die horisontalistiese visie op die lewe moet deurgebreek word. Daar moet 'n uitsig na bo kom. Die oog mag nie gevestig bly op die lewe self nie, maar op iets en Iemand hoër as die lewe gevestig word.

Hierdie opwaartse blik en opwaartse beweging maak dat alles wat nie daarbo is nie, nie primêre maar sekondêre belange en waarde ontvang. Dan kan die lewe ook nie my god word nie, en ek nie 'n prooi van die lewe nie. Hierdie blik na bo is nie alleen nodig omdat God die Skepper van die lewe is nie, d.w.s. omdat die lewe van Hom kom nie, maar ook omdat Hy die Herskepper is. Die toestand van lewensontbinding en -ontwrigting kan Hy alleen verander en daarin 'n radikale nuutheid in bring.

b. Om die Kerk te sien is 'n opkyk daarheen voldoende, maar om dit te besigtig moet tot by die Kerk opgeklim word. Kom die toeris daar uit, loop hy natuurlik dié gevaar om die Kerk te sien as 'n museum of monument wat min of meer los staan van die volle stroom van die lewe. Dan kan hy vergeet dat hy juis van **onder af** opgeklim het na die kerk. Om dus te sien vanwaar hy kom, moet hy staande op die heuwel langs of by die Kerk, ook terug kyk na onder. Om vanuit die lewe **op te kyk** na Jesus Christus, is goed, ja gebiedend noodsaaklik, maar voldoende is dit nie. Die mens moet by Jesus Christus uitkom, d.w.s. sy lewe moet staan in die teken van 'n beweging na Hom toe. Nie om, as hy by Hy uit gekom het, sy siel in ekstatiese eenwording met Hom te verloor nie. Nie om Jesus Christus van die stroom van die lewe te isoleer en te vergeet dat die lewe van waaruit daar opgekyk is na Hom, ook sy lewe is nie. By Hom uitgekom moet die mens omdraai en vandaar terugkyk na die lewe. Nie alleen die horisontalistiese geslotenheid nie, maar ook die vertikalistiese engheid moet oorwin word.

Uit die lewe **opkyk** na Christus, en van Hom af **terugkyk** na die lewe—dít is die grondbeginsels van die Christelike lewensbeskouing. Van die heuwel van Mont Martre kan 'n oorsig gekry word van die lewe aan die voet. Bekend is die woorde van Archimedes: gee my 'n plek om te staan, en ek kan die hele wreld oorsien en beweeg. So'n Archimedespunt is hier op Mont Martre, hier by die Kerk, hier by Jesus Christus te vind. Nou is die merkwaardige dít: as mens eers op die heuwel is en mens kyk rond sien mens ook ander heuwels. In die gees sien ek Golgotha en ek merk dat aan die middelste kruis Iemand sterf in 'n menslike liggaam en Hy roep uit: Vader, vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie. En dan weet mens dat hierdie „hulle" nie maar net die Romeinse soldate en Joodse volk van soveel eeue gelede bedoel nie, maar ook húlle aan die voet van Mont Martre wat mede verantwoordelik is vir die kruisdood van Christus. Die „hulle" is elkeen wat soos Hy, in die menslike liggaam verkeer, want vir húlle het Hy gesterf. Golgotha moet in verband gebring word met die lewe aan die voet van Mont Martre. Anders gestel: hierdie lewe moet gesien word in die lig wat vanaf Golgotha daarop val. Dán eers kan hierdie lewe gesien word soos wat dit werklik is: 'n lewe met 'n diepe verdorwenheid; 'n lewe met die kiem van die dood; 'n lewe met geen uitsig en geen toekomsverwagting nie. Dan gaan mens verstaan dat **die dood aan die kruis op Golgotha die konsekwensie is van die lewe aan die**

voet van Mont Martre! Dan vervul hierdie lewe die mens met die grootste afsku, en maak my vreemd teenoor hierdie lewe.

Maar ek sien in die gees ook 'n ander heuwel: die Olyfberg. Ek sien Jesus Christus daar besig om afskeid te neem van sy dissipels en op te vaar met dieselfde liggaam waarmee Hy op Golgotha gesterwe het. Daardie liggaam lewe, en dan is daar ook hoop op lewe vir elkeen wat soos Hy in die menslike liggaam bestaan, want met daardie liggaam het Hy opgestaan. As ek dan die Olyfberg in verband bring met die lewe aan die voet van Mont Martre, dan weet ek dat, ofskoon daar 'n vloek op hierdie lewe en die ganse wêreld rus—soos blyk op Golgotha—hierdie lewe ten diepste nie 'n vervloekte maar 'n geseënde lewe is. Dan staan ek nie net vreemd teenoor die lewe nie, maar ook vriendskaplik. Maar tog altyd só dat ek albei tegelyk is: **vreemd**—want die kiem van die dood, hoewel oorwin, bly nog tot aan die einde van die tye daarin aanwesig; **vriendskaplik**—omdat dit in werklikheid oorwin is, en iets van hierdie oorwinning **noual** sigbaar kan en moet word. En hierdie dubbele houding kan die beste gekarakteriseer word deur die begrip: **krities**. Ek staan **krities** teenoor die lewe: ondersoekende en my distansiërende van die kiem van die dood, maar aanvaardende dié lewe wat in Hom, Jesus Christus, geheilig is.

Dus: nie uit heimlike wêreldsin maar uit gelowige roepingsbewusheid, moet elkeen op sy pos bly in die wêreld, om dáár te doen wat sy hand vind om te doen en om eenmaal rekenskap van ons rentmeesterskap af te lê.

Kan die Christelike lewens- en wêreldbeskouing die toets van die 20e eeu deurstaan? Ons antwoord: nee! Ten minste, nie wanneer ons meen dat die slagveld waarop die magtige worsteling van ons dae buite ons self afspeel nie en ons van oordeel is dat dit alleen maar gaan om die één teoretiese sisteem teen die ander. Dán alleen kan die Christelike lewensbeskouing oorwin as elkeen van ons besef dat ons self in die worsteling betrokke is en dat die stryd daarbuite gewen kan word slegs wanneer die oorwinning in ons eie siel alreeds behaal is—en dít kan alleen gebeur wanneer die geloof nie slegs tot 'n bepaalde kompartement van ons lewe beperk word nie maar ons ganse wese aangryp en ons totale bestaan, nie net laat meetril nie, maar saam laat beweeg. Ons moet die konsekwensie van die geloof vir **elke** lewensterrein gaan insien en daarvolgens gaan leef.

Maar as die uitslag van óns geesdrif, óns trou, ons offerbereidheid en óns belewing van die geloof moes afhang, sou daar seker ook geen oorwinning wees nie!

Dáárom sal die Christelike lewensbeskouing oorwin—weliswaar nie sonder ons nie, ofskoon dikwels ten spyte van ons—omdat dit ten diepste Jesus Christus is wat die stryd voer en die oorwinning alreeds behaal het—as ons maar van dááruit wil lewe!

J. A. HEYNS.

Kaapstad.